# AFRIKA, DIE ONBEKENDE.

## DIE FEDERASIE VAN RHODESIË EN NJASSALAND.

### III

### DIE BEVOLKING VAN DIE FEDERASIE.

Die gebied is oor die algemeen nog dun bevolk. Die volgende tabel gee 'n oorsig van die bevolking en bevolkingsdigtheid vir 1958:

| Gebied | Oppv. (vk. myl) | Blankes. | Bantoes | Ander | Totaal | Digtheid |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Suid-Rhodesië | 150,333 | 211,000 | 2,590,000 | 14,900 | 2,815,900 | 18.7 |
| Noord-Rhodesië | 287,640 | 72,000 | 2,250,000 | 8,400 | 2,330,400 | 8.0 |
| Njassaland | 49,000 | 8,600 | 2,720,000 | 11,500 | 2,739,500 | 58.9 |
| TOTAAL: | 486,973 | 291,600 | 7,560,000 | 34,800 | 7,885,800 | 16.2 |

Die volgende bevindinge kan uit die tabel afgelei word:

(a) 'n Gemiddelde bevolking van 16.2 persone per vk. myl is nie hoog nie. Dit kom baie na aan die gemiddelde bevolkingsdigtheid in Suid-Rhodesië. Van die drie gebiede is dié van Noord-Rhodesië verreweg die laagste en dié van Njassaland buite verhouding hoog in vergelyking met die ander twee gebiede. Dit is veral van betekenis in die lig van die feit dat hierdie gebied die minste geïndustrialiseerd is en byna uitsluitlik uit die landbou 'n bestaan moet maak. Daarby is 70% van die Njassalandse bevolking saamgetrek in die suidelike deel van die gebied.

(b) Terwyl die totale Bantoebevolking van die drie gebiede byna dieselfde is, verskil die blanke bevolking aansienlik. Gevolglik is die verhouding van blankes tot Bantoe in die drie gebiede ook totaal verskillend, t.w. Suid-Rhodesië 1: 12; Noord-Rhodesië 1: 31 en in Njassaland 1: 316!

(c) Opmerklik is ook die aantal ander nie-blankes in hierdie gebiede. Hierdie minderhede bestaan hoofsaaklik uit Asiate (Indiërs) en Kleurlinge, met die Kleurlinge effens in die meerderheid. Die oorgrote meerderheid van die Asiate is betrokke by die handel.

Wat die bevolking en bevolkingsverspreiding in dié gebiede betref, moet ook nog die volgende gemeld word:

Afgesien van die oneweredige verspreiding en gevolglik ongebalanseerde bevolkingsdigtheid tussen die drie samestellende gebiede, is die oneweredigheid van verspreiding en digtheid binne die gebiede ewe treffend. Die suidelike helfte van Njassaland herberg ongeveer 70% van die bevolking. Die blankes bewoon ook hier veral die hooglande. Verder vind daar blykbaar 'n aansienlike Bantoe-emigrasie vanuit die Portugese buurgebied plaas. Werklike groot stedelike gebiede bestaan daar eintlik nie in Njassaland nie. Zamba het 'n bevolking van ongeveer 1,000 Blankes, 1,000 Asiate en 16,000 Bantoes; Blantyre-Limba 3,000 Blankes, 3,400 Asiate en 40,000 Bantoes.

Hoewel die westelike provinsie van Noord-Rhodesië die kleinste van die sewe provinsies in oppervlakte is, dra dit op een na die grootste bevolking en het dit die hoogste bevolkingsdigtheid in Noord-Rhodesië. Die sg. Koperstreek, wat dan ook die westelike provinsie insluit, herberg meer as die helfte van Noord-Rhodesië se blanke en byna die helfte van sy Bantoebevolking. Verstedeliking het hier groter afmetinge aangeneem as in Njassaland. Nkana-Kitwe het meer as 12,000 blankes, terwyl die drie belangrikste stedelike sentra Nkana-Kitwe, Ndola en Lusaka se totale bevolking 90,000 is.

In die bestaande politieke konstellasie blyk dit duidelik genoeg dat die swaartepunt in Suid-Rhodesië lê vir sover dit sy totale getalsmeerderheid t.o.v. die blanke bevolking betref teenoor die ander twee gebiede. Daarteenoor is dit ewe duidelik dat Njassaland 'n swartmansland is.

J. H. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.